

# “Ek is ’n man van my mense. Ek stem Nasionale Party.”

“My naam is David Malatsi. Ek is ’n man van my volk. Ek dien onder my koning, koning Makasoke II van die Manala-stam van KwaNdebele. My mense het al baie swaargekry, nie net onder apartheid nie, maar ook onder ander gemeenskappe en ander stamme.

Daarom het ek by die Party van die Son, die Nasionale Party, aangesluit, want daar is politieke partye en mense wat glo dat ons stam nie as ’n nasie getel moet word nie. Hulle sê etnisiteit is maar nog net weer apartheid, en hulle sê daar is nie plek in Suid-Afrika vir stamme en stamleiers nie. Die ANC het dan vertel dat dié leiers na 27 April maar moet gaan werk soek.

Dis hoekom baie duisende van my mense en mense van ander stamme vir die Nasionale Party gaan stem. Die Nasionale Party sê daar is ’n plek in die son vir elkė mens en elke stam.

Ek is nou by die Nasionale Party omdat hulle ons tradisionele belange verstaan en waarborg dat hulle dit sal help beskerm. Ons verstaan baie goed dat die belange van ons mense en ons stam nie belangriker is as dié van ander stamme in die land nie, maar ons glo dit moet respek kry en die Nasionale Party respekteer dit.

Om erken te word vir wie en wat ek en my mense is, is belangrik, maar wat nog meer belangrik is, is dat ons verstaan dat ons die land deel met ander stamme en gemeenskappe ook. Want niemand kan afsonderlik leef nie. Dis nodig dat ons die land deel en by mekaar leer. Ek glo ons het mense in die Nasionale Party met ervaring en moed, die moed om te verander.

Nou verteenwoordig ek die tradisionele leiers in die Uitvoerende Oorgangsraad. Ek veg dat respek vir ’n volk weer plek kan kry en ’n plek kan hou in hierdie land – dis dinge waarop ander partye trap.

Die mense van hierdie volkstamme moet besluit watter party hulle voor wil stem, en daardie party moet by die mense kan uitkom. Dit is reg.

In die NP het ek ’n party gekry wat respek het vir my kultuur en my tradisie. Waar ek bly, het die NP verreweg die meeste ondersteuning.

Van oral af is daar mense wat my kom gelukwens omdat ek die moed het om by die NP aan te sluit en hulle te wys wat die voordeel van die NP is. Baie van hulle sien nou daar’s niks verkeerd om by die NP aan te sluit nie, en dat dit nie die kleur van ons vel is wat sê vir watter party ons moet stem nie. Dis die kwaliteit van die NP se leierskap wat mense wys watter kant toe hulle moet gaan.”

**WEES SEKER VAN ’N BETER LEWE**

***Stem vir FW de Klerk en die nuwe Nasionale Party***

NP
Nasionale Party



X

Opgestel en uitgereik deur Marthinus van Schalkwyk, Marksgebou, Parlementstraat, Kaapstad.

OPTIMUM MARKETING COMMUNICATIONS 22687/A